# 3 HOOFSTUK DRIE: NAVORSINGSPLAN EN -METODOLOGIE

## 3.1 Die navorsingsplan

Die navorsingsplan kan in drie hoofkategorieë verdeel word: (1) 'n interdissiplinêre studie oor praktiese teologie en die problematiek rondom geloofsvorming by tieners, (2) 'n teologie vir die model wat navorsing oor kommunikasie, geloofsbemiddeling, simbole, rituele, die tiener, gesin, gesinsbediening en die gemeenskapn, insluit en (3) die ontwikkeling van ‘n model (vgl diagram 9: *Navorsingsplan en -metodologie*). Die diagram neem die vorm van 'n wiel aan om die verloop en voortwenteling van navorsingsproses uit te beeld. Die navorsingsplan word gesteun deur bepaalde prakties-teologiese beskouinge met geloofsbemiddeling en –vorming deur middel van geloofservaring as 'n belangrike uitgangspunt (vgl diagram 10: *Verskillende vlakke van die navorsingsprogram* wat by paragraaf 9.18 ter sprake kom). Diagram 10 gee 'n geheelbeeld van (1) die beplanningsfase, (2) die uitvoeringsfase wat die infaseringsfases insluit en (3) die evaluering van die model nadat dit vir 'n bepaalde tydperk in 'n gemeente ingefaseer is.

Die hele verloop van die navorsing word in diagram 11: *Die navorsingsplan,* saamgevat deur sleutelbegrippe aan elke hoofstuk toe te ken. Hierdie sleutelbegrippe word kortliks soos volg aangedui: (1) *Aktualiteit:* Inleidende gedagtes oor die navorsing en navorser word gegee. (2) *Praktiese teologie:* Die navorsing word gerig deur die mees resente insigte oor praktiese teologie. (3) *Die navorsingsmetodologie:* 'n Interdissiplinêre benadering word gevolg. (4) *Probleem- en doelstelling:* Die huidige problematiek rondom die geloofslewe en geloofsvorming van tieners en hul gesinne word nagevors om by die doel van hierdie navorsing te kan kom. (5) *Die motivering en hipotesevorming:* (vgl diagram 25: *Motivering en hipotesevorming*). (6) *Geloofsbemiddeling as kommunikatiewe handeling:* Hierdie navorsing handel primêr oor geloofsbemiddeling en derhalwe word verskillende kommunikasiemodelle en die effektiwiteit daarvan ondersoek. (7) *Die gesin:* Die uitgangspunt is geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin, maar met 'n gemeenskapsgerigtheid omdat elke gelowige gesin ook 'n missionêre taak het. (8) *Gesinsbediening:* Die formulering van die gesinsbedieningsmodel word voorafgegaan deur 'n studie oor gesinsbediening vanuit verskillende perspektiewe. (9) *'n Model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid:* Die ontwikkeling van die model is die hoofdoel van die navorsing.

## 3.2 Interpretasiemodel vir 'n navorsingsvoorstel

Die navorsing beweeg tussen die twee pole van motivering en verwagting. Die interaksie tussen die verskillende navorsingsvrae (vgl diagram 6: *'n Interpretasiemodel vir die navorsingvoorstel*) dui op 'n verweefdheid van verskillende faktore en dissiplines binne die navorsing. Die antwoorde op die vrae vorm 'n komplekse netwerk binne die praktiese teologie. Aan die hand van Heitink (1993:159) se interpretasiemodel vir die deurdenking van 'n navorsingsvoorstel word navorsingsvrae gevra om die ondersoek op koers te hou (1) Die eerste vraag handel oor die navorser en sy motivering vir die navorsing. Waarom word die tiener, die gesin en gemeenskap met al die kulturele en sosisale verskynsels gekies ten opsigte van geloofsbemiddeling? (2) By die tweede vraag is die intensionele van die handeling ter sprake, naamlik geloofsvorming by die tiener. Dit dui primêr op die

hermeneutiese betekenis van die teks, die Bybel, vir die tiener. Dit vereis ook die verkenning van die konteks, die breë gemeenskap waarin tieners en gesinne lewe, waar die teks moet spreek. (3) Die derde vraag wil weet waarheen die navorsing op weg is en hoe gaan die ondersoek gedoen word. Die instrumentele aspek van die handeling kom onder die soeklig – die interdissiplinêre netwerk van ondersoek wat uit verskillende dissiplines bestaan, word deel van die navorsingsprogram. (4) Die hoofsaak is om te weet waar en wanneer die navorsing gaan plaasvind. Hoe lyk die empiriese kontoere waarbinne die navorsing gaan plaasvind? Hierdie kontoere word in die onderwerp van die navorsing geformuleer: ‘n Gemeenskapsgerigte model vir die geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele.

### 3.3 Die metodologie van 'n empiries-analitiese handelingswetenskap

Wanneer daar na die hele terrein van praktiese teologie verwys word, dui Dingemans (1996:41) drie teoretiese opvattinge aan wat die basis vorm: (1) empiries-analitiese benadering, (2) die hermeneutiese georiënteerde praktiese teologie en (3) die meer politiek-teologiese benadering. Aangesien in hierdie navorsing klem gelê word op gemeenskapsgerigtheid en omdat die praktiese teologie sy wetenskaplike status grootliks te danke het aan die opkoms van die sosiale wetenskappe, word 'n keuse gemaak vir praktiese teologie as 'n handelingswetenskap: *“… die de praktijk van het handelen van kerken en gelovigen ondersoekt met gebruikmaking van de methoden, de theoretische kaders en de resultaten van de sociale wetenschappen”* (Dingemans 1996:42). Die term empiries-analities word saam met handelingswetenskap gebruik omdat die praktiese teologie die religieuse praxis ondersoek met die metodes van die sosiale wetenskappe. Van der Ven (1993:8) verwys na 'n formulering wat reeds in 1913 deur G.B. Smith gemaak is: *“… departments of practical theology all over the world functioning as laboratories for empirical-theological measurement and experimentation”.* In hierdie navorsing sal na verskillende aspekte in die lewe van tieners verwys word en hoe hulle in verhouding staan tot wat die kerk en teologie vir hulle bied. Dit moet ondersoek word en sodoende moet daar tot verstaan gekom word en die nodige veranderinge aangebring word om geloof aan tieners te bemiddel.

Heitink (1993:159) meen dat ons in die praktiese teologie met drie begrippe te make het: begryp, verklaar en verander: *“Begrijpen en verklaren zijn bij Ricoeur de beide brandpunten van een hermeneutische cirkel”.* Dingemans (1996:63) sluit by hierdie drie begrippe aan en verwys ook in hierdie verband na Van Kessel wat die terme “sien”, “oordeel” en “handeling” gebruik en meen dat die praktiese teologie in die rigting beweeg van (1) beskrywing en analise van die probleme, (2) evaluering en soeke na die motiewe en die normatiewe visie wat daaragter geleë is en (3) voorstelle vir die verbetering van die praxis. Dit beteken dat wie hom met die Christelike handelinge besig hou, sal altyd met 'n analise van die situasie begin om dit te kan begryp en te verklaar. Wat is die probleem by tieners, in gesinne en die gemeenskap en wat het daartoe aanleiding gegee en hoe kan die situasie verbeter word?

Vir die ontwikkeling van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel staan ons voor die direkte objek van die praktiese teologie, naamlik verandering wat gerig is op die ontwikkeling van metodes. Dingemans (1996:69) verwys na hierdie metodes as

agogiese teorieë en verduidelik dit soos volg.: In die pedagogiek gaan dit om die begeleiding van kinders in die opvoedingsproses. In die meer algemene agologie gaan dit om die begeleiding van leerprosesse van volwassenes en die begeleiding van veranderingsprosesse in organisasies, verenigings, werkgemeenskappe, woonbuurte, ensovoorts. Vir geloofsbemiddeling aan tieners en hul geloofsvorming in die gemeenskap, moet veranderinge en verbeteringe in genoemde sektore van die samelewing in 'n ernstige lig beskou word. Anderson (2001:198) verwys soos volg na die agogiese moment: *"This 'agogic moment,' or what I prefer to call a 'growth process' is a human and personal encounter, whether ordinary or extraordinary, that releases a motive power that generates change".* Vir die praktiese teoloog gaan dit in die praktiese teologie om transformasie en verbetering van die huidige praktyk: *"… en soms zelfs om 'interventie' – op grond van de analyse van de situastie, de achterliggende motieven en de theologische visie van de geloofsgemeenskchap"* (Dingemans 1996:68). God maak voorsiening vir die agogiese ruimte in gesinne en die gemeenskap: *"Uit die een wat geroep is, groei die geheel van die kahal jahve, die ekklesia van die Here"* (Nel 1998:23). In hierdie agogiese ruimte is daar voortdurende kulturele, ekonomiese en politieke veranderinge aan die gang en moet die praktiese teologie besig bly om nuwe strategieë uit te werk om geloof te bemiddel.

Hierdie veranderinge moet begryp en verklaar word. Heitink (1993:195) voer aan dat dit tot die ontwikkeling van die strategiese perspektief binne die handelings-wetenskap lei. Insig in die verhouding tussen begryp, verstaan en verander is hiervoor van groot belang. Heitink (1993:160-161) gee die volgende uiteensetting van hierdie drie begrippe: (1) Die perspektief van begryp (verstaan) staan sentraal in die hermeneutiese interpretasieteorie wat primêr op tekste gerig is, maar in die menswetenskappe gerig is op die verstaan van handelinge. (2) Die perspektief van verklaring staan sentraal in die empiriese benadering binne die menswetenskappe. Deur toetsing met behulp van die empiriese siklus word aan die wetenskap wat die doeltreffendheid van die menslike handeling ondersoek 'n voldoende wetenskaplike basis gegee (vgl diagram 12: *Die vyf fases in die empiriese siklus* en Van der Ven, 1998:119-156). (3) Die perspektief van verandering is van 'n ander orde as die vorige twee. Vir 'n fundamenteel-teoretiese grondslag word teruggegryp na die dinamiek van begryp en verklaar wat beide 'n krag tot verandering besit. *"Het perlocutieve karakter van een handeling, vergelijkbaar met de kracht van het taalgebruik en de bij het verklaren verworven inzichten in menselijk gedrag en sociale verschijnselen, bieden in samenhang aanwijzingen voor het ontwikkelen van methoden voor gespreksvoering, leerprocessen en vormen van opbouwwerk"* (Heitink 1993:161). Dit beteken dat die strategiese perspektief voortdurend in samehang met die hermeneutiese en die empiriese perspektief ontwikkel moet word (vgl diagram 13: *Die metodologie van die praktiese teologie*). Heitink (1993:162) is van mening dat die drie sirkels met die verskillende doelstellings van die vak korrespondeer: (1) die interpretasie van menslike handelinge in die lig van die christelike tradisie (die hermeneutiese perspektief), (2) die analisering van die handelinge ten opsigte van die feitelike en potensiële (die empiriese perspektief) en (3) die ontwikkeling van handelingsmodelle en strategieë vir die verskillende handelingsvelde (die strategiese perspektief) word gemene noemers in die ontwikkeling van 'n model vir die geloofsvorming van tieners. Die ontwikkeling van 'n handelingsmodel en strategie kom in hoofstuk nege van hierdie navorsing ter sprake.
Volgens Heitink (1993:195) is die praktiese teologie as teorie van die bemiddeling van die Christelike geloof in die praxis van die moderne samelewing, kragtens sy

aard gerig op verandering, langs die prosesmatige weg van begeleiding en beïnvloeding. Die strategiese perspektief verbind die "wie doen wat" primêr met die "hoe" en "waarheen". Dit kom tot uitdrukking in 'n lewensverband, die kerk, waarbinne mense van vroeg in hul lewe begelei word en aangespoor word om die geloof toe te eien en daaruit te leef. Die Christelike geloof gaan daarvan uit dat mense kan verander en dat die samelewing vernuwe kan word vanuit die eskatologiese perspektief van God se Koninkryk. Vir die ontwikkeling van 'n model in hierdie navorsing word gefokus op die verandering van onderdrukkende strukture wat daartoe aanleiding sal gee dat daar in 'n noue verband met die staat en markplein gewerk moet word. Hierdie veranderinge sal by individue, in groepe en binne sisteme moet plaasvind, met ander woorde op die vlak van die persoonlike, kerklike en maatskaplike lewe (vgl Heitink 1993:94 en diagram 4: *Differensiasie volgens handelingsvelde* & Dingemans 1996:147 – interaksievelde en aktiwiteite in paragraaf 2.3 (7)).

Dit bring hierdie navorsing by die keuse van 'n strategie om 'n model te ontwikkel wat tot opbouende verandering sal lei. Laeyendecker en Van Stegeren (1982:78) meen: *"De micro-strategieën richten zich op de individuen en met name op hun gedrag en houdingen in de verwachting en overtuiging dat dit zal leiden tot verandering van de sociale gehelen".* In die algemeen kan dit wel gestel word dat die makro-strategieë op verandering in die sosiale sisteem gerig is, maar slegs as daar gelyktydig met 'n groot aantal individue tegelyk gewerk word (vgl Laeyendecker & van Stegeren 1982:88). Hierdie twee strategieë moet mekaar aanvul omdat veranderinge in houding en gedrag gestabiliseer moet word deur verandering van die sosiale sisteem (vgl Laeyendecker & van Stegeren 1982:97). Heitink (1993:203-205) verwys ook na Laeyendecker en Van Stegeren wat hierdie strategieë op 'n sistematiese wyse hanteer. Hulle onderskei tussen rasioneel-empiriese strategieë, normatief-reëdukatiewe strategieë en magsstrategieë. Die gebruik van rasioneel-empiriese strategieë berus op die veronderstelling dat mense bereid is om hul gedrag te verander as hulle insien dat dit nodig is. Hierdie strategie gebruik dus verskillende oortuigende maniere om tot die punt te kom. Dit is 'n eensydige manier en moes daarom aangevul word met die normatief-reëdukatiewe strategie. Die mens as sosiale wese deel opvattinge met andere en word sodoende deur die omringende kultuur gevorm. Die opvatting in hierdie strategie het met sosialisering en internalisering te doen. In die analise van probleme word aan die magsstrategie 'n ruim plek gegee. Laeyendecker en Van Stegeren gebruik vir hierdie strategie begrippe soos "dwang", "inwilliging", "stabilisering" en/of "reaksie". Hierdie strategie probeer druk uitoefen op die bestaande orde om dit in stand te hou. Heitink (1993:205) meen: *"De drie typen strategieën vullen elkaar aan en veronderstellen elkaar. Vanuit een christelijke visie op de samenleving zullen christenen zich geroepen voelen om aan bepaalde acties deel te nemen. De kerk kan hier al dan niet invloed op uitoefen.*

Die probleem rondom opboudende verandering word gevind in die handhawing van die tradisie veral in 'n kommunitasfase, waar politieke verandering ook kerklike verandering noodsaak terwyl daar 'n sterk teruggrype na die bekende is. Dit moet veral gesien word in die lig van die huidige proses van globalisering deur wetenskaplik-tegnologiese magte: *"globalization involves the universalization of the influence of these authorities and regencies as they developed in the West"* (Stackhouse & Browning 2001:2). *"… globalization may be defined simply as the*

*compression of the world”* ( Stackhouse en Paris 2000:53). Dolamo (1999:38) beweer: *“Globalization has to do with interaction among people of the world. … Present globalization is based on monopolies sustained by the dominant nations. … We see globalization not as transhistorical reality, but as a matter of social forces, the balance of which can be changed”.* Louw (2002:340) meen: *“The global economy has become the new paradigm for characterizing culture. Economics is the new religion, which sets, with the aid of electronics and technology, the pace, norm, and values of humans in the megapolis of the global village. … Culture is losing its regional, national, and particular features. It is becoming more and more a commodity of international communication”.* Die kerk staan midde in hierdie proses van globalisering asook inkrimping deur middel van die tegnologie en daarom sal die praktiese teologie die hermeneutiese strategieë voortdurend moet hersien om enigsins pastoraal effektief te kan bly. Die kerk se gemeenskapsgerigtheid saam met die gedagte van 'n kritiese metode om pastoraal besig te wees, moet nie alleen vanuit 'n Bybelskritiese oogpunt beskou en beoordeel word nie, maar ook vanuit 'n ideologieskritiese oogpunt. Die model wat dus vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid ontwikkel moet word, moet behalwe 'n Bybelse ook 'n besondere kontekstuele benadering insluit. Hierdie benadering moet dus al die fasette van die staat en markplein, naamlik politiek, ekonomie, kultuur en kommunikasie verreken wat 'n beïnvloedende rol op die individu en sisteme speel, wat veral die gesin as sisteem insluit. De Jongh van Arkel (1991:71) meen dat ‘n benadering in die praktiese teologie wat van sisteme en ekosisteme praat, moenie sondermeer na die gesin as ‘n sisteem verwys nie: *“… die gesin is nie noodwendig ‘n sisteem nie, maar sou ‘n sisteem kon wees. Gewoonlik is dit eerder die familie wat ‘n sisteem vorm, met dien verstande dat alle betekenisvolle persone ook daarby ingesluit kan word”.* Vir 'n handelingswetenskap is dit dus nodig om alle handelinge in die kerk, staat en markplein in ag te neem om 'n prakties-teologiese strategie te ontwikkel vir geloofsbemiddeling en –vorming. Vrae moet gevra word. Waarvoor en vir wie is die huidige praktiese teologie effektief? Maak die huidige praktiese teologie enigsins 'n verskil ten opsigte van die staat en markplein wat die plaaslike gemeenskap insluit waarin tieners en gesinne leef? Bevorder die praktiese teologie byvoorbeeld die ekonomie of word dit aan ekonome oorgelaat? *“… op welke wijse dient een geloofsgemeenschap (of een individuele gelovige) de bevrijding van onderdrukten, armen, minderheden, twijfelaars, onzekeren en gedepriveerden?* (Dingemans 1996:77). Die uitdaging deur die huidige sosio-ekonomiese aan die pastoraal-hermeneutiese verlang kritiese aandag. Oënskynlik lyk dit of Mammon 'n sterker invloed op die individu het as God. Die magstryd, oorloë, geldwaarde, ensovoorts is besig om die beeld van God te verwring. *“Through prayers God is hijacked for selfish materialistic needs. Religion is then viewed as an investment to bypass tragedy; God becomes the brilliant Stockholder, Director or Manager who safeguards the aspirations of an affluent society and imperialistic Christendom”* (Louw 2002:344). Met hierdie agtergrond sal 'n inter- en intradissiplinêre benadering met meer omsigtigheid gehanteer moet word om 'n eensydige beïnvloeding vanuit teologisering aan die een kant en globalisering aan die ander kant te verhoed.

### 3.4 Inter- of intradissiplinêre navorsing

Van der Ven (1994:33) dui twee primêre fases aan waarin teoloë opereer: *"In the first phase the theologian works together with the social scientist in order to get enough relevant, reliable and valid emperical informantion with regard to the topic conserned. In the second phase the theologian starts to reflect on those empirical research results from a theological point of view".*

Van der Ven (1994:34) verwys na die geskiedenis van teologie as 'n voorbeeld van intradissiplinêre navorsing wat neerkom op die leen van konsepte, metodes en tegnieke van een wetenskap deur die ander en die integrasie daarvan. Dingemans (1996:61) verwys na Van der Ven wat die ontwikkelingsgang binne die praktiese teologie soos volg skets: *"… na die periode van toegepaste theologie of mono-disciplinariteit, waarbij men de kerkleer of de bijbel rechtstreeks probeerde aan te wende voor de praktijk van het kerkelijke of religieuze handelen, opende het Handbuch der Pastoral Theologie (1964-1972) binne de rooms-katholieke pastoraaltheologie het pad voor de sosiale wetenschappen".* Van der Ven praat hiervan as multidissiplinariteit (vgl Van der Ven 1993:93-97), maar dit bied nie werklik ruimte vir diskussie nie. Van der Ven noem die derde stadium van die verhouding tussen teologie en die sosiale wetenskappe interdissiplinariteit.*"The difference beween multidisciplinarity and interdisciplinarity is that the second concept, unlike the first, stresses the interaction, i.e. reciprocity, between theology and the social sciences"* (Van Der Ven 1993:97). Dit bied ruimte vir diskussie tussen beide dissiplines. Volgens Van der Ven (1993:100) het hierdie gesprek nog nie werklik begin nie, moontlik omdat teoloë dikwels van verkeerde of verouderde idees van die sosiale wetenskappe gebruik maak of omdat die sosiale wetenskaplikes moontlik nie in teologie geïnteresseerd is nie. Daarom stel Van der Ven 'n vierde vorm van verhouding voor, naamlik intradissiplinariteit (Van der Ven 1993:101 ev). Dit beteken dat teoloë hulself moet ingrawe in die werk van sosiale wetenskappe (vgl Dingemans 1996:61). Vir die formulering van 'n model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid, is daar nouliks 'n ander uitweg as om 'n intra-dissiplinêre koers te volg omdat die infasering van die bedieningsmodel 'n empiriese ondersoek vereis om relevant te kan bly. Dit maak die taak van praktiese teologie amper oneindig moeilik, maar laat die teologie op hierdie wyse toe om ander wetenskappe tot voordeel van die koninkryk van God te benut. Intradissiplinêre prosesse word in alle wetenskaplike velde gevind en kan daarom nie deur die praktiese teologie geïgnoreer word nie. Gemeenskapsgerigtheid noodsaak die praktiese teologie om in diskussie met ander dissiplines te gaan wat in die gemeenskap betrokke is. Die beskouing dat die kerk irrelevant of onsigbaar (vgl Benson 1988:14-19) in die samelewing geword het, kan te wyte wees aan 'n onvoldoende intradissiplinêre ingesteldheid tussen tersake dissiplines, veral tussen die praktiese teologie as handelingswetenskap aan die een kant en die geesteswetenskappe aan die ander kant.

Volgens Dingemans (1996:62) onderskei die meeste praktiese teoloë tans drie soorte navorsingsmetodes: (1) die analiserende beskrywing van die prakties-teologiese situasie; (2) navorsing oor die normatiewe (teologiese, etiese en sosiaal-wetenskaplik) gesigspunte en (3) die ontwikkeling van veranderingstrategieë op grond van die beskrywende en normatiewe uitgangspunte. Dingemans (1996:63)

meen wie hom met die praxis van die Christelike handelinge besig hou, sal altyd met 'n analise van die situasie begin. Dit help om die probleem vas te stel en by 'n hipotese uit te kom teen die agtergrond van reeds bestaande teorieë. Met die aanvang van hierdie navorsing is daar gesoek na 'n kort omskrywing wat 'n besliste verskil in die praktiese teologie met betrekking tot tieners sal maak. Uit empiriese navorsing wat deur myself en ander navorsers gedoen is, het dit duidelik geword dat die formulering van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel vanuit die konteks moet geskied. Daarom sal die analisering van die ekologie van die konteks waarin die model toegepas word 'n primêre rol speel. Dit beteken dat die model op 'n bepaalde wyse geformuleer moet word sodat dit vatbaar is vir aanpassings omdat daar 'n ekologiese verskeidenheid van gemeenskap tot gemeenskap bestaan.

Alhoewel daar met die aanvang van hierdie navorsing oorweging geskenk is aan 'n empiriese ondersoek, het dit met die verloop van die navorsing al hoe duideliker geword dat die navorsing wat reeds in resente tyd oor tieners- en gesinsbediening gedoen is, voldoende riglyne en teorieë bied vir die ontwikkeling van 'n toepaslike model in die postmoderne tyd. Die uitgangspunt is om 'n model te ontwikkel wat aan evaluering onderwerp moet word nadat dit vir 'n bepaalde tyd in gemeentes ingefaseer is. Dit is van belang om die mees resente empiriese ondersoeke met betrekking tot tieners, hul gesinne asook die haalbaarheid van gesinsbediening in hierdie navorsing te verreken om 'n praktiese gesin- en gemeenskapsgerigte tienerbediening te ontwikkel wat onderhewig aan evaluering benut moet word (vgl paragraaf 9.19). Die infasering van die model vereis daarom empiriese navorsing en verkieslik 'n kombinasie van die kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes. Dingemans (1991a:16) sê: *"De praktische theologie is per definitie situationeel bepaald ... Praktische theologie is - naar onze opvatting - in de eerste plaats analyse van de bestaande situatie: wat gebeurt er precies?".* Om te kan ontdek wat presies in die situasie gebeur, moet die gedagtegang van die persone in die situasie na vore gebring of op 'n manier ontlok word wat nie altyd deur vrae gedoen kan word nie. Bepaalde vooropgestelde vrae soos in 'n vraelys kan kosbare inligting weerhou en daarom word die gebruik van fokusgroepe voorgestel ( vgl paragraaf 9.19.1 (3)).

Om by die teoretisering, hipotesevorming en uiteindelike ontwikkeling van 'n model vir tiener- en gesinsbediening uit te kom, vra 'n interdissiplinêre asook 'n intradissiplinêre ondersoek (vgl diagram 14: *Deduksie: Teorie-, model- en hipotesevorming*). In hierdie ondersoekproses vind voortdurende konseptualisering en definiëring plaas waar die verskillende konsepte gelys en met mekaar in verband gebring word met betrekking tot die bemiddeling van geloof deur middel van simbole en rituele binne die verbondsgesin met 'n gemeenskapsgerigtheid. Uit hierdie navorsingsproses word teorie gevorm en dit lei tot die uiteindelike vorming van die model vir gesinsbediening. Hierdie konsepte of veranderlikes en die verhoudings tussen die konsepte asook verskillende navorsingseenhede onderskryf die hipotese dat geloofsvorming as kommunikatiewe handeling ook waarneembaar en derhalwe meetbaar en evalueerbaar kan wees. Dit skep die moontlikheid dat die model voortdurend empiriese gemeet en aangepas kan word om weer in die praktyk getoets kan te kan word.

In hierdie ondersoek sal ook noodwendig aandag geskenk word aan die Christelike tradisie wat volgens Dingemans (1996:66-67) nie meer noodwendig eers deur Bybelse of Christelike gesigspunte via eksegese, dogmatiese beslissinge of kerklike

uitsprake vasgestel word nie: *"Tegenwoordig confronteren de meeste praktisch theologen het resultaat van hun analyse van de praxis met de bijbelse inspiratie, de dogmatiek en/of kerkelijke uitspraken".* Die praktiese teologie het die taak om die hermeneuties-kommunikatiewe praxis vir die bemiddeling van geloofsinhoude te verbeter en te toets. Dit sluit in die hantering van kommunikasiestoornisse en die skep van nuwe kanale of media vir geloofsbemiddeling.

'n Volgende metodologiese benadering volgens Dingemans (1996:68) handel oor veranderingstrategieë wat oor transformasie en verbetering van die huidige praktyk gaan. Soms gaan dit selfs oor intervensie op grond van die analise van die situasie, die onderliggende motiewe en die teologiese visie van die geloofsgemeenskap. Vir die formulering van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid lê die doel in wat Dingemans (1996:68) maatskaplike en kerklike relevansie noem, in die formulering van aanbevelings vir 'n beter gemeenskap. Dingemans (2000:567) verwys na die Algemene Sinode van die Hervormde Kerk in 1988 waar daar gesoek is na 'n nuwe posisie van die kerk in 'n gesekulariseerde samelewing. Drie redes word vir die soeke gegee: (1) verswakking van die kerk se posisie as gevolg van die indringing van sekularisasie, (2) die owerheid het verander en so-ook die verhouding tussen kerk en owerheid en (3) die gemeenskap bevind hom al hoe meer in 'n wêreldomvattende samehang en daarom kan daar van *"mondialisering"* gepraat word. Dit beteken dat wêreldwye sending, wêrelddiakonaat en ontwikkelingsamewerking die toon aangee en dat die klem verskuif moet word van die sogenaamd 'profetiese' waar die owerheid en die volk die waarheid voorhou na diens van die onderlinge gemeenskap deur leiding te gee aan dialoog in die gemeente (vgl Dingemans 2000:568). Dit beïnvloed en ondersteun die formulering en teorievorming van 'n geloofsvomingsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid direk en omvattend en plaas tiener- en gesinsbediening sentraal in die praktiese teologie.

## 3.5 Teorievorming

Die praktyk van jeugbediening begin by teorievorming wat daarna soos 'n spiraal of wisselwerking tussen teorie en praktyk verloop (vgl Heitink 1993:151). Die wydte van hierdie teorievorming is onbepaald, maar tog is dit nodig vir afgrensing ter wille van 'n model vir tiener- en gesinsbediening in die plaaslike gemeente. Boran noem die volgende faktore van belang binne hierdie reikwydte van jeugbediening:

> A global vision presupposes a theory or philosophy of youth ministry that interlocks the different parts: sexuality, affection, relationships, spirituality, biblical formation, theological formation, critical awareness, action, formation through action, systematic follow-up, organizational structures, coordination committees, stages of faith development, the history of youth ministry, youth culture, soscial problems, models youth ministry, psychological factors in motivation, courses, seminars, encounters, retreats, assemblies, mass rallies, small group ministry, pastoral planning, and social commitment.
>
> (Boran 1996:6)

Binne hierdie reikwydte moet hierdie navorsing nie verstrengel raak nie en uiteindelik uitkom by 'n praktiese voorstel vir tiener- en gesinsbediening. Daarom is dit nodig om

te begin waar die eintlike probleem rondom geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin, gemeente en gemeenskap voorkom. So ver vasgestel kon word, het die probleem met geloofservaring by geloofsbemiddeling en geloofsvorming te doen.

In hoofstuk vier sal meer lig gewerp word op die probleem wat aangespreek moet word binne die huidige situasie van globalisering, modernisering, rasionalisering, sekularisering en differensiasie wat tot 'n afname in die godsdienstigheid en geloofsvorming van tieners, gesinne en gemeenskappe lei.